Geagte ouers en studente

<u>Vrywaring: Eie Werkgewer en SETA & NAMB Werkplekgoedkeuring</u>

Ajani lewer ’n gratis diens aan Sol-Tech ambagstudente deur hulle met SETA en NAMB goedgekeurde werkgewers in kontak te bring ten einde hulle in staat te stel om hul praktiese komponent vir die ambag te voltooi, en die sluiting van die SETA-leerlingkontrak te fasiliteer. *Hierdie diens is gratis aan die studente wat by die uitgekontrakteerde opleidingsverskaffer hul studies voltooi het.* Slegs studente wat hul N2-kwalifikasie volledig geslaag het, formele institusionele opleiding voltooi het en ’n opbetaalde rekening vir die opleiding het, sal geplaas word.

Die sluiting van die SETA-leerlingkontrak is ooreenkomstig die SETA en NAMB se voorskrifte, onderhewig daaraan dat werkgewers die vereiste SETA en NAMB werkplekgoedkeuring in plek het. Dit dien verder genoem te word dat Ajani by magte is om studente by merSETA goedgekeurde werkgewers te plaas of werkgewers wie goedkeuring by die Foodbevseta, Agriseta, TETA, W&R en CHIETA het.

Dit is belangrik om kennis te dra van die feit dat ’n leerling se praktiese werkstyd by ’n werkgewer eers geldig sal wees vanaf die sluiting van die SETA -leerlingkontrak, mits die geskikte SETA en NAMB werkplekgoedkeuring in plek is. Indien dit nie in plek is vanaf die datum wat die student by die werkgewer begin werk nie, sal daardie werkstyd streng gesproke nie deel vorm van sy praktiese tyd nie. Volgens die merSETA mag ‘n leerlingkontrak slegs 6 maande terug gedateer word. Dit beteken dat die SETA-leerlingkontrak binne hierdie tydperk geregistreer moet word.
Indien ‘n leerling by ‘n werkgewer werksaam is wat aansoek gedoen het vir die vereiste SETA en NAMB werkplekgoedkeuring, moet die begindatum eers bepaal word wanneer die goedkeuring afgehandel is. Die kontrak moet ook eers wanneer die werkplek goedgekeur is, teruggedateer word.

Tel: 012 372 9900 | Faks: 086 658 8482 | E-pos: info@ajani.co.za | Web: www.ajani.co.za
Adres: 1662 Malie straat, Kirkney, Pretoria-Wes | Posadres: Ajani, Posbus 11760, Centurion, 0046
Direkteure: P.M. van Deventer, P.C. Minnaar, A.J. Vermaak (Uitvoerend)
AJANI (EDMS.) BPK
Registrasienommer: 2006/031889/07

Ons besef daar is geleenthede in die praktyk waar ouers en studente hul eie werkgewers werf, en dit is in orde, solank Ajani daarvan in kennis gestel word. Ajani wil graag die nodige insette lewer, en fasiliteer waar nodig, om te verseker die betrokke werkgewer die nodige SETA en NAMB werkplekgoedkeuring in plek het om ’n SETA-leerlingkontrak te kan registreer.

Ajani fasiliteer graag u eie werkgewer se werkplekgoedkeuring mits die werkgewer toestemming verleen en samewerking toon. Indien die werkgewer nie belangstel en/of die nodige samewerking toon nie, sal Ajani hom egter van hierdie saak onttrek en nie verantwoordelik gehou word vir enige kontraktuele en/of praktiese werktydkwessies wat hieruit mag ontstaan nie.

Dit is belangrik om te verstaan dat Ajani nie enige aansoek kan motiveer of beïnvloed dat hierdie betrokke werkgewer se aansoek tot werkplekgoedkeuring deur die SETA en NAMB goedgekeur sal word nie en kan dus geen verantwoordelikheid daarvoor neem indien die aansoek onsuksesvol is nadat die student reeds by sodanige werkgewer begin werk het nie. Hierdie werkstyd wat dan reeds gewerk is sal ongelukkig nie na die volgende SETA en NAMB goedgekeurde werkgewer oorgedra kan word nie.

Vrywaringsooreenkoms

Ek dra kennis van bogenoemde en vrywaar Ajani van die volgende:

i. Wanneer ek sonder Ajani as tussenganger by ’n werkgewer van my eie keuse aanmeld, en nalaat om Ajani daarvan in kennis te stel, werk ek daar op eie risiko. Dit beteken dat Ajani nie verantwoordelikheid sal aanvaar vir enige probleme wat hieruit kan ontstaan nie, ook nie om te kontroleer of die werkgewer wettig geakkrediteer is nie.

ii. Indien ek my eie werkgewer gewerf het, en Ajani is daarvan in kennis gestel en fasiliteer die proses so ver moontlik om die nodige SETA en NAMB werkplekgoedkeuring te bekom, maar die werkgewer word nie goedgekeur nie, of die totale proses neem langer as geantisipeer, of die werkgewer toon nie die nodige samewerking nie, kan ek nie Ajani verantwoordelik hou word vir enige praktiese werkstyd/kontraktuele kwessies wat hieruit mag ontstaan nie.

iii. Geen werksure en ondervinding wat die SETA-leerlingkontrak voorafgegaan het, voor die amptelike sluiting van 'n SETA-leerlingkontrak en voor die SETA en NAMB goedkeuring in plek is, sal by die sluiting van die kontrak deur die SETA in aanmerking geneem word nie. Die SETA-leerlingkontrak mag 'n maksimum tydperk van 6 maande terug gedateer word, volgens die merSETA. *(Hierdie mag verskil van SETA tot SETA.)*

Hiermee bevestig ek dat ek kennis dra van die bostaande en Ajani vrywaar.

Datum: _____

Ouer Naam en Van: _____

Handtekening van Ouer/Voog _____

Handtekening van Student: _____

Tel: 012 372 9900 | Faks: 086 658 8482 | E-pos: info@ajani.co.za | Web: www.ajani.co.za
Adres: 1662 Malie straat, Kirkney, Pretoria-Wes | Posadres: Ajani, Posbus 11760, Centurion, 0046
Direkteure: P.M. van Deventer, P.C. Minnaar, A.J. Vermaak (Uitvoerend)
AJANI (EDMS.) BPK
Registrasienommer: 2006/031889/07